

Sing vooraf staande: Psalm 73:10, 11 (p. 369)

- 10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlijkheid.
- 11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aarde in kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my ewige goed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 97:1, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolke donkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 7 Gods vriendlike aangesig / straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek sreek.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Skrifberyming 17-2:1, 2, 3, 4 (18:1-4)

- 1 Ek loof U, Vader, groot van mag, / dat U die dinge, diep en swaar,
vir wêreldwyse onbekend, / aan kindertjies wou openbaar.
- 2 Ja, Vader, dis u guns alleen, / die guns van al wat dwang is, vry,
waardeer ook alle dinge saam / al oorgelewer is aan My.
- 3 Wie kan die Seun ooit ken, as net / die Vader, met Hom wesens-een?
of wie die ewige Vader ken, / as net die Seun, net Hy alleen?
- 4 Wie kan die ewige Wese ken, / so diep en ontoeganklik klaar?...
Alleen die mens aan wie die Seun, / die heilgeheim wil openbaar.

Skriflesing: Johannes 3:1-21; Openbaring 21:1-8; 21:22-22:5;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 22:58

Kernvers: Johannes 3:16; Openbaring 21:3

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16 AFR53)

En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. (Openbaring 21:3 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 58: Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar (a), ek ná hierdie lewe volkome saligheid sal besit – 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie – om God daarin ewig te prys (b).

(a) 2 Kor 5:2, 3. (b) 1 Kor 2:9.

Tema: Ons lewe sal deur Christus volmaak ewig wees

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons bely elke Sondag dat ons aan die ewige lewe glo. Maar wat is die ewige lewe? Is die ewige lewe iets wat ons waarlik aan die hart gegryp het, waarna ons met verlange uitsien en waarin ons onself nou reeds verheug? Of is die ewige lewe maar iets wat ons saam met die kerk van die Here sê, maar dit is so onwerklik dat ons nie veel aandag daaraan skenk nie en daarom het dit nie 'n invloed op ons lewe van nou nie?

Ons kan maar so hard as wat ons wil probeer om die gedagte aan die ewige lewe te vermy, die Heilige Gees gaan nie toelaat dat begrip oor die ewige lewe by God se kinders verbygaan nie. Daarom het Hy die kerk eeue gelede al gelei om hulle geloof oor die ewige lewe openlik te bely. Wanneer die Here vir ons die dinge aangaande die ewige lewe openbaar, wil Hy juis sy kerk so regeer dat ons in die troos wat Christus ons skenk kan lewe en sterwe. Met die ewige lewe wil die Here ons veral troos, sodat ons met volle oortuiging sal weet dat die dood nooit sy verhouding met ons en ons verhouding met Hom tot niet kan maak nie. Jesus Christus het met sy eie dood en opstanding die dood vir die gelowiges van karakter laat verander. In plaas daarvan dat die dood 'n vyand vir ons is, is die dood nou ons dienskneg. Daarom kan ons in Sondag 16 bely dat die dood vir gelowiges die deurgang tot die ewige lewe is wat die Here van voor die skepping af vir sy kinders bestem het.

Miskien verstaan ons die begrip ewige lewe beter as ons dit onder die woorde “hemel toe gaan” beskryf. Ons sê mos so in ons alledaagse gang dat die gelowiges na hulle dood hemel toe gaan. Maar as ons dit so sê, klink dit nog steeds asof die ewige lewe iets is wat maar eers by ons sterwensuur vir ons 'n werklikheid sal word. Dan is die troos wat die Here vir ons met die ewige lewe wil gee nog net toekomsmusik. Dit is uitgestelde troos wat ons nou nog nie werklik raak nie.

As die ewige lewe maar net 'n troos is wat die Here ons eers by ons sterwensuur wil laat beleef, is dit inderdaad iets wat nou niks met jou en my daaglikse lewe te doen het nie. En as dit die geval is, beteken dit nie veel dat ons ons geloof aan die ewige lewe bely nie, want 'n mens behoort tog die geloof wat jy bely ook uit te leef en te beleef.

Kan ons dan ons geloof aan die ewige lewe nou al in hierdie lewe uitleef en beleef? Ja, beslis! Ons bely dan dat ons **nou alreeds die begin van die ewige vreugde in ons hart ervaar**. Die Here se troos met die ewige lewe is nie uitgestelde troos nie. In die teenswoordige tyd waar ons self nog daagliks die walm van die dood om ons ruik, ervaar ons alreeds die troos van die ewige lewe. Dit beteken dat die ewige lewe nou al 'n werklikheid vir ons is en nie iets is wat ons eers by ons sterwensuur sal ervaar nie. Hoe is dit moontlik?

Broers, susters en kinders, luister wat sê die Heilige Gees:

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16 AFR53)

Uit hierdie woorde hoor ons twee dinge. In die eerste plek is die ewige lewe uitsluitlik verbind aan God die Vader en Jesus Christus. Sonder God en sonder Christus kan daar nie sprake wees van die ewige lewe nie. Hierop sal iemand kan sê: Maar die duivel en die bose engele lewe ook mos ewig, want engele kan nie sterf nie. En die duivel en die bose engele wil mos niks met God en Christus te doen hê nie. Dit is alles waar en 'n mens kan so 'n argument aanvoer as 'n mens dink dat die ewige lewe net beteken dat 'n mens vir altyd en altyd sal lewe.

Om altyd en altyd te lewe en nooit te sterf nie is maar een deel van die ewige lewe en dit is nie eers die belangrikste deel van die ewige lewe nie. Die Heilige Gees sê self vir ons wat die belangrikste element van die ewige lewe is. Elkeen wat in die eniggebore Seun van God glo, kan die ewige lewe hê. Die ewige lewe is alleenlik moontlik omdat Jesus Christus in opdrag van sy Vader na hierdie wêreld gekom het om die sonde wat die dood in hierdie wêreld ingebring het te oorwin. Elkeen wat dus glo – die mens wat verseker weet en vertrou dat Jesus Christus ook vir sy sondes versoening by die Vader gedoen het – hy kan die ewige lewe hê.

En in die tweede plek is die ewige lewe vir elkeen wat glo nou alreeds 'n werklikheid. Die oomblik wat die Heilige Gees die geloof in 'n mens se hart stort en hom in Christus inlyf, het daardie mens die ewige lewe gekry. Deur die ware geloof neem hy immers al die weldade aan wat Christus vir hom aan die kruis verwerf het. As ons dan die aard van die ewige lewe moet beskryf, dan sal ons sê dit is om te glo dat Jesus Christus ons volmaakte en persoonlike Verlosser is. En dit is presies wat Jesus in sy gebed sê die ewige lewe is. In sy gebed wat in Johannes 17 opgeteken is, sê Jesus:

Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik – soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. (Johannes 17:1-3 AFR53)

Jesus Christus het God aan ons geopenbaar sodat ons Hom sal ken as die regverdige en barmhartige God. Jesus het juis God se regverdigheid en barmhartigheid aan ons getoon toe Hy aan die kruis gesterf het. God is regverdig, want Hy straf die sondes van die mense aan sy Seun. En God is barmhartig, want Hy skenk aan ons vergifnis van sondes en die reg om sy kinders te wees op grond van sy Seun se dood en opstanding. Deurdat ons God en sy Seun so ken deur die werk van die Heilige Gees, kan ons God die Vader en Seun vertrou en liefhê. Die ewige lewe beteken dan om in die teenwoordigheid van God self te leef, om nou 'n persoonlike en intieme verhouding met God en Christus te hê.

Broers, susters en kinders, die mense wat dus nou hulle lewe deur die Gees van die Vader en die Seun laat beheers en hulle hele menswees aan God opoffer, beleef nou reeds die vreugde van ewige lewe. Ons is van ons skuld vergewe en God wil nooit weer aan ons

sondes dink nie. Hy reken Christus se geregtigheid en heiligheid ons toe asof ons nog nooit enige sonde gedoen of gehad het nie en asof ons self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir ons volbring het.

Tog is dit nog net die begin omdat ons as gevolg van ons sondige aard God en sy Seun nog net ten dele ken. Kyk ons na ons eie lewens, sien ons dat ons God nie altyd van harte en vurig liefhet met ons hele lewe nie. Daarom ervaar ons nie altyd die werklikheid van die ewige lewe ewe sterk nie. Tog ontnem hierdie dinge nie die ewige lewe van ons nie, want God gee dit vir ons in Jesus Christus. En wat God gee, kan en sal nie weggeneem word nie.

Soos die naam van die nuwe lewe in Christus ook sê, naamlik *ewige lewe*, so is dit ook. Selfs nie eers die dood kan dit van ons af wegneem nie. Deur Paulus se mond maak die Heilige Gees dit vir ons duidelik en so bely ons dit ook in die eerste vraag van Sondag 22. Die dag wanneer ons sterf, neem die engele van God ons siele oombliklik op na Christus toe terwyl ons liggame in die graf neergelê word. Dan word die ewige lewe vir ons nog 'n voller lewe in die nabyheid van die Here. Want dan kleef daar geen sonde of gebrek meer aan ons siele nie en kan ons die Here sonder hindernis loof en prys. Tog sal dit ook nog net ten dele wees, want net ons siele is dan in die heilige teenwoordigheid van God.

En dan, by die wederkoms van Christus breek die ewige lewe in sy grootsheid en heerlikheid ten volle aan vir God se kinders. Met sy wederkoms, so bely ons, bring Christus ons siele met Hom saam en Hy verenig ons siele en liggame, wat Hy opgewek het, met mekaar. Dan kan ons met siel en liggaam 'n volmaak heilige lewe geniet, want ons kan dan nie meer sonde doen nie. En die troos van die ewige lewe is dan 'n volle werklikheid vir ons.

Maar wat is die volle werklikheid van die troos van die ewige lewe? Geliefdes, om 'n kind van God te wees is nou al 'n groot vreugde en blydschap. Maar hierdie vreugde en blydschap word al voller en bereik sy volkome hoogtepunt by die wederkoms van Christus. Daarom bely ons dat ons ***ná hierdie lewe die volkome saligheid sal besit***. En dit is ***'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie***.

Dit is opvallend dat die Skrif, en gevolglik ook ons Kategismus, die ewige saligheid hoofsaaklik op 'n negatiewe wyse beskryf. In 'n sekere sin vergelyk die Heilige Gees die aarde van nou met die nuwe aarde. En dan word daar gesê wat nie meer op die nuwe aarde sal wees nie, maar wat nou nog deel van ons bestaan op die aarde is. Die rede vir hierdie beskrywing van die nuwe aarde waarop ons ewig gaan lewe, moet hierin gesoek word: die heerlikheid van die ewige lewe in sy volheid is so ver bo ons menslike begrip dat dit onmoontlik is om dit in menslike taal positief te beskryf. Daarom beskryf die Heilige Gees vir ons die ewige saligheid op die nuwe aarde op 'n negatiewe wyse.

Hoe gaan die ewige lewe dan op die nuwe aarde wees? Die see sal nie meer wees nie (Open 21:1). In die denke van die ou mense was die see die woonplek van die bese. Op die nuwe aarde is daar nie meer bese dinge nie. Johannes wat op die eiland Patmos was en oor die see gestaar het in die rigting van Efese het ook die see as skeiding tussen hom en die geliefde gelowiges beleef. Daar sal op die nuwe aarde nie meer grense en bedreigings wees soos wat ons dit nog ken nie. Dit sal nooit nag word op die nuwe aarde nie (Open 21:25). En tog sal daar ook geen son of maan wees nie, want die heerlikheid van God sal alles verlig en die Lam van God sal die lamp wees (Open 21:23). Die pyn, hartseer, dood en verdriet wat nog so deel van ons daaglikse bestaan is, sal ook verdwyn (Open 21:4). Daar sal ook nie meer huwelike en gevolglik ook nie meer geboortes wees nie (Matt 22:30). Honger en dors sal ook nie meer 'n plek in die volheid van die

ewige lewe hê nie (1 Kor 6:13). Daar sal niks, maar niks wees wat ons verhouding met God kan vertroebel of verhinder nie.

Daarom sal ons verhouding met God ook volmaak wees. Want sê die Heilige Gees:

Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.

(Openbaring 21:3 AFR53)

Dit is die grootste en heerlikste van alles wat oor die ewige lewe aan ons meegedeel word. Dit is dié geheim van die volkome saligheid en heerlikheid. Ons ewige geluk lê immers nie in die pêrlpoorte en strate van goud nie, maar daarin dat God by en in die midde van sy volk sal wees. Hy sal met sy volle teenwoordigheid onder ons woon. Tussen God en ons mense sal daar 'n ewige en innige gemeenskap wees en niks sal ons ooit van God kan skei nie.

En vir al hierdie genade van God wat tot in ewigheid duur, sal ons God ewig prys en loof. Ons sal God dien, oral en altyd. Ons wat met die bloed van Christus vrygekoop en tot kinders van God gemaak is, is God se diensknegte wat Hom sal dien en tot in alle ewigheid sal ons regeer. Ons gaan dus in die ewige lewe gelyktydig diensknegte en konings wees. Ons diens sal nie meer slawediens wees nie maar koningsdiens. Dit sal 'n vreugdevolle diens wees waarin ons alles wat ons doen God sal bely en Hom sal vereer met lof en aanbidding.

Geliefdes, die troos van die ewige lewe gee die Here aan ons nie om eers aan die einde van ons lewe of eers by die wederkoms van Christus te geniet nie. Nou al het ons deel aan hierdie troos omdat Christus ons kinders van God gemaak het. Nou al ervaar ons in ons hart die nabyheid van God in 'n persoonlike en intieme verhouding met Hom en Christus deur die werk van die Gees. Maar die belewenis van hierdie troos gaan net al voller word. Die oomblik wanneer ons sterf, gaan ons siele in die volle teenwoordigheid van God wees in die huis waar Christus vir ons plek gereedgemaak het. En by Christus se wederkoms breek die troos van die ewige lewe in sy grootsheid vir ons deur. Dan kan ons met siel en liggaam God en Christus dien tot in alle ewigheid.

Deur die geloof aan die ewige lewe en die verwagting van 'n heerlike toekoms kan ons getroos wees – veral in tye van swaarkry, beproewing en vervolging. Ons is nie op pad na 'n einde toe nie maar na 'n begin van 'n lewe wat vir ewig in die teenwoordigheid van God deurgebring gaan word.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 18-6:1, 2, 3, 4, 5

- 1 Ek sien 'n nuwe hemel kom, / 'n aarde nuut en vry.
Die see en al wat skei, verdwyn. / God self kom by ons bly.
- 2 Die nuwe stad, Jerusalem, / daal uit die hemel neer;
skoon soos 'n bruid in heerlikheid – / geliefde van die Heer.
- 3 Die Heer droog al die tranes af, / verby is droefheid, dood.
Ja, pyn en smart wyk uit die hart – / ons moeite, angs en nood.
- 4 “Kyk, Ek maak alles nuut,” sê God. / “Laat hom wat dors het, kom.
En hy sal vind hy is my kind; / Ek is 'n God vir hom!”
- 5 Oorwinnaars sal ons alles erf / en drink uit die fontein
van lewenswater, heerlik rein. / En God sal oor ons skyn.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
1 Junie 2014